

# Vuk'uzenzele



Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Junie 2021 Uitgawe 2




Dreams  
come  
true for  
Tafelkop  
community  
Page 4



Solar power  
energises  
Stellenbosch's  
bright minds

Page 8

## Alert Level 2 to spare lives and health facilities



South Africa has been placed on Adjusted Alert Level 2, as government introduces measures to delay the third wave of the virus.

Addressing the nation recently, President Cyril Ramaphosa said after several months of low transmission, the number of Coronavirus Disease (COVID-19) infections has risen sharply in several parts of the country over the past month.

"The provinces of Free State, Northern Cape, North West and Gauteng have reached the threshold of a third wave of infections.

"It may only be a matter of time before the country as a whole will have entered a third wave," the President warned.

### Health protocols

According to health experts, the rise in new infections is because of an increase in social gatherings where people are not observing health protocols.

These protocols include wearing masks, social distancing, ensuring adequate ventilation and limits on the number of people who attend gatherings.

Other sites of increased transmission are funerals and so-called 'after tears' parties, as

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083

FREE COPY NOT FOR SALE



# SA streef daarna om die Grondwet se visie te verwesenlik

Suid-Afrika het 60 jaar gelede, op 31 Mei 1961, 'n republiek geword en sy bande met die Britse Ryk verbreek.

Alhoewel 'n "republiek" algemeen omskryf word as 'n staat waarin die landsburgers en hul verkose verteenwoordigers die oppermag het, was dit egter nie die geval in Suid-Afrika nie.

Die Grondwet van die apartheidrepubliek het trou aan God gesweer "wat ons voorvaders vanuit baie lande byeengebring het en aan hulle hierdie as hul eie gegee het".

Dit was 'n Grondwet wat deur en vir die rasseminderheid geskryf is en wat geloof gebruik het om despotisme te regverdig. Dit het die regering se administrasie omskryf voorsiening daarvoor gemaak dat slegs blankes daarop geregtig was om te stem en as staatsamptenare te dien. Dit het nie 'n Handves van Regte bevat nie.

Die land se meerderheid is regeer tot 'n voetnota aan bykans die einde van hierdie Grondwet se 121 voorskrifte, in 'n afdeling getiteld "Administrasie van Bantoesake, ens.".

Die eerste minister, HF Verwoerd, het tydens 'n TV-uitsending gesê: "Ons streef na die geleidelike ontwikkeling van elkeen van ons groepe in 'n sekere rigting. Die oplossing word hier

openlik nagestreef deur die blanke man se leidende hand te behou.

"Ons is baie gelukkig om 'n verenigde volk te wees," het hy aan die wêreld verklaar.

Die realiteit was egter dat ons nie 'n verenigde volk was nie.

Ons was inwoners van 'n land waar mense se regte, vooruitsigte en lewensverwagting deur hul ras bepaal is.


Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 was vir twee dekades die wetlike dryfkrag agter die onderdrukking van byna 90% van die Suid-Afrikaanse bevolking.

Die ongelukkige herdenking het in dieselfde maand plaasgevind as die 25ste herdenking van die Grondwetlike Vergadering se goedkeuring van ons nuwe demokratiese Grondwet, wat die geboortesertifikaat vir 'n nasie wat waarlik verenig is, geword het.

Ons het nou een wet vir een nasie.

Ons het saam 'n regeringstelsel vir onsself gekies wat ware betekenis aan die konsep van 'n republiek gee. Ons het gesê dat almal in ons demokratiese republiek gelyk voor die geregtigheid is en die reg besit tot gelyke beskerming deur en voordeel uit die reg.

Suid-Afrika is vandag 'n land waar onafhanklike howe en 'n regbank wat slegs onderhewig aan die Grondwet is, oor die regbedeling



beskik. Ons leef in 'n land waar almal die reg het om die hoeve te nader ter vervulling van hul regte.

Ons leef in 'n land waar gemeenskappe wettig kan aanspraak maak op grond waarvandaan hul gewelddadig verskuif is en waar individue of gesinne beskerm is teen arbitrière uitsetting uit hul huise.

Ons leef in 'n land waar almal toegelaat word om hul kultuur en tradisies vrylik uit te leef. Dit is 'n land waar enigemand vrylik en op enige plek ter ondersteuning van maatskaplike, politieke en ander sake kan betoog.

Ons grondwetlike bedeling is geskoei op 'n aanspreeklike regering waar die Uitvoerende Raad rekenskap aan die mense verskuldig is en waar die Parlement verteenwoordigend van die mense is.

Dit is 'n land waar die reg gelyk op enige burger toepaslik is. Ons het nou 'n regering van die mense, vir die mense en deur die mense.

Die apartheidregime het,

toe hy triomfantlik sy rasistiese grondwet 60 jaar gelede voor die wêreld geparadeer het, misplaaste vertroue gehad dat dit in stand sou bly. Nelson Mandela het, 'n maand voor dat die republiek verklaar is, in 'n brief aan Verwoerd wat nie beantwoord was nie, die bevrydingsbeweging se verwerping van die blanke republiek wat met geweld afgedwing is, verklaar.

Hy het gesê dat geen Grondwet of vorm van regering waarop daar besluit is sonder die deelname van die Afrikamense, morele geldigheid sou geniet nie.

Trouens, geen stelsel wat die stelselmatige ontkenning van mense se regte verskans, kan volhou word nie. Ons het uiteindelik ons vryheid gewen, alhoewel dit meer as drie dekades sou neem voordat daar aan die eise van die bevrydingsbeweging voldoen is.

Ons het, toe ons die apartheidgrondwet na die asblik van geskiedenis verban het,

onsself verbind tot 'n nuwe Grondwet en 'n nuwe stel waardes.

Toekoms beter wees. Dit moet in werklikheid in ons mense se lewens word.

Die progressiewe en revolusionêre dokument sal ontoepaslik en nikssegend word as ons dit nie doen nie. Ons het lank reeds besluit watter tipe samelewing ons wil wees. Dit is 'n samelewing geskoei op menswaardigheid, gelykheid, vryheid en nie-diskriminasie.

Ons het vir 'n kwarteeu daaraan gewerk om so 'n samelewing te ontwikkel. Ons het onbetwisbaar gevorder, maar ons het steeds baie uitdagings en daar is baie werk wat nog gedoen moet word.

Kom ons dink aan hoe beslissend die breek met die stelsel wat deur rassisme, uitbuiting, onteiening en onderdrukking onderstut is en wat voorheen geseëvier het, was wanneer ons die herdenking vier van ons demokratiese Grondwet se goedkeuring.

Kom ons onthou ook dat dit van ons afhang om die visie in die Grondwet 'n werklikheid te maak, want dit is slegs deur te verseker dat alle Suid-Afrikaners in staat is om hul grondwetlike regte vrylik en ten volle uit te leef dat ons werklik 'n verenigde nasie kan word.❶

# Tafelkop-boere se drome bewaarheid

**Ín** Groep swart boere van Tafelkop in Groblersdal, Limpopo, is die trotse nuwe eienaars van die 189-hektaar grond waarop hulle vir die afgelope 25 jaar boer.

President Cyril Ramaphosa het die grond se titelaktes aan die 30 boere oorhandig nadat die departement van openbare werke en infrastruktuur dit vir grondherverspreidingsdoeleindes oorgedra het.

Die grond, ter waarde van meer as R25.5 miljoen, is gratis aan die boere oorhandig.

"Dit is inderdaad 'n wonderlike dag vir die Tafelkopgemeenskap, vir die mense van Limpopo en vir die hele Suid-Afrika," het die president by die oorhandigingseremonie gesê.

"Ons sien vandag hoe 'n gemeenskap se droom verwesenlik word. Dít is die visie waarvoor hierdie gemeenskap vir die afgelope 25 jaar veg."

Die boere boer sedert 1996 suksesvol met verskeie landbouprodukte op die grond.

Hulle het hulself in die 1990's as kommersiële boere onder die banier van die Tafelkop-boerevereniging registreer en het begin om met die regering in gesprek te tree.

Die destydse nasionale departement van landbou het in 2000 huurooreenkoms met die Tafelkop-boerevereniging geteken ingevolge die Program vir Grondherverspreiding vir Landbou-ontwikkeling.

Die voormalige Limpopo departement van landbou het in 2009 aan die departement van openbare werke 'n aanbeveling gemaak dat die grond aan die boere oorgedra word.

Die titleraktes is vroeër vanjaar op die boere se name



President Cyril Ramaphosa saam met boere van Tafelkop, Limpopo wat onlangs titelaktes ontvang het vir die grond waarop hulle boer.

geregistreer.

Die grond word tans gebruik om met tabak, katoen en vars produkte te boer.

Twee-en-dertig huishoudings word deur die grond onderhou en boerderyaktiwiteite verskaf werk vir 128 permanente werkers en tot 320 seisoenswerkers.

## Geregtigheid vir die gemeenskap

Die president het gesê dat die gemeenskap oor die jare baie teëspoed ervaar het and dat die "titelaktes geregtigheid vir 'n onteiende gemeenskap bring".

"Ons het nie vergeet van die onteiening, gronddiefstal en geforseerde verwydering wat die mense van dié gemeenskap en baie gemeenskappe regoor die land moes verdra nie."

"Ons het nie vergeet van die wrede nalatenskap van landbou hier in Limpopo nie, waar plaasbewoners geforseer is om woonarbeiders te wees op hul voorvaders se grond en nie toegelaat is om grond te besit om hul gesinne te voer of as weiding

vir hul vee te gebruik nie."

Hy het bygevoeg dat swart plaaswerkers in die voormalige Noord-Transvaal uitgebuit en mishandel is.

"Ons onthou ook hoe die apartheidsregering blanke boere ondersteun het met toerusting, tegniese steun en toegang tot krediet om hul besighede te ontwikkel, maar swart bestaansboere het gesukkel om te oorleef."

## Transformasie van die landboubedryf

Die president het gesê dat die oordrag van grond hoop aanwakker, want dit dui daarop dat die landboubedryf met die regte ondersteuning en geleenthede getransformeer kan word tot die land se voordeel.

"Ons vier ons vordering omdat ons Grondhervormingsprogram daagliks momentum kry."

"Die regering het tot op hede meer as vyf miljoen hektaar grond herversprei, met 'n totaal van ongeveer 5 500 plase, na meer as 300 000 begunstigdes."

Die grondherstelproses het

tot dusver meer as twee miljoen grondeisers bevoordeel en die oordrag van ongeveer 2.7 miljoen hektaar tot gevolg gehad.

"Grondhervorming is nie net in die belang van regstelling, geregtigheid en maatskaplike samehang nie. Dit gaan ook oor ekonomiese ontwikkeling."

"Landbou en die landbouwaardeketting kan en moet landelike ekonomiese transformeer," het President Ramaphosa gesê.

Die regering beplan om 'n hervormingsagentskap vir grond en grondbesitters te vestig wat grondhervorming sal bespoedig.

"Ons kyk na hoe doeltreffend ons vorige beleide was. Ons gaan hierdie kwessie van grondhervorming dringend aanspreek."

## Spreek vorige foute aan

Die president het gesê dat die regering hard werk om dit wat tydens die apartheidsjare en sedert die begin van demokrasie verkeerd geloop het, reg te stel.

"Ons doen dit as eerbetwyws vir diegene wat in ons midde geleef het; wat hier gewoon het."

Grondhervorming is van kernbelang om die land se voedselsekerheid te verbeter, 'n inklusiewe ekonomie te ontwikkel en 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners te verskaf, het die president bygevoeg.

Hy moedig die Tafelkop-boere aan om die grond verstandig en tot die gemeenskap se voordeel te gebruik.

"Vandag was vir my die beste dag op kantoor; om die grond en stof te skop en julle opbrengste te sien," het hy gesê.

"Daar is vir my geen twyfel dat die projek steeds sal floreer met al die betrokkenes se toewyding en energie nie."

Die voorsitter van die Tafelkop-boerevereniging, Jerry Sefoloshe, het die regering bedank dat dit vir die boere moontlik gemaak is om die eienaars te word van die grond waarop hulle vir al dekades boer. 